HOOFSTUK 6

6.1. Inleiding

In die voorgaande hoofstukke is in die algemeen gewys op die belangrikheid van kennis omtrent die ontwikkelingstadia van die kind in die primêre skool en saam daarmee die kunsuiting by hierdie kinders volgens die aanvaarde indeling van die verskillende stadia in die kunsopvoeding en -onderrig. Vervolgens word die huidige stand van kunsopvoeding in die algemeen en in die besonder bespreek.

6.2. Die huidige stand van kunsopvoeding in die algemeen en in die besonder

Die huidige leergang vir kuns en kunsvlyt soos dit in die onderwyspraktyk tot uitvoering gebring word, hou bepaalde fundamentele beginsels in. Daar is daadwerklike pogings aangewend om kunsopvoeding meer tot sy reg te laat kom in ons skole. Daar kan egter nog op talle gebreke en tekortkominge gewys word, en baie van die kritiek wat in die verlede hieroor uitgespreek is, is ook van toepassing op die huidige onderwyspraktyk van kunsopvoeding.

Nieteenstaande die feit dat kunsonderwys (kunsvlyt), verpligtend is in alle primêre skole van Transvaal, blyk dit dat die vak in heelparty skole afgeskeep word met die gevolg dat die kind baie skade ly. Dit bring ons daartoe om aan te toon wat die aard van die leemtes en tekortkominge in die huidige stelsel van kunsopvoeding is. As hierdie kurrikulum ondersoek word, dan blyk dit dat aan die werklike behoeftes van die indiwidu in die skool nie genoeg aandag gegee word nie. Daar word soms vergeet dat die skeppende aktiwiteit[1)] eie is aan die kind en dat die onderwyser hom juis die geleentheid tot selfuiting moet gee om dit te kan ontwikkel.

Die inhoud en omvang van die leergang vir Kunsvlyt maak voldoende voorsiening vir onderrig van die vak en vir skeppende werk. Daar word aan die kunsonderwyser 'n groot mate van vryheid gelaat in die keuse van die leerstof, maar omdat baie onderwysers nie voldoende daarvoor opgelei is nie, word die vak in baie gevalle verkeerd benader en ontaard dit in 'n

---

1. Barkan, M. A Foundation for Art education, p. 149.

strewe na die afdwing van volwasse standaarde op die kind. Die behoefte en belangstelling van die kind word meesal geïgnoreer en so gaan die waarde van die vak vir sowel die onderwyser as die kind verlore, want „vir die kind baar dit verveling en deur die onderwyser word dit beskou as verkwisting van tyd"[1].

Vervolgens word daar in die besonder op die vernaamste leemtes in die huidige praktyk van kunsopvoeding ingegaan.

(i) In die skoolkurrikulum is dit gewoonlik dié vak wat die maklikste verwaarloos word omdat dit in baie gevalle beskou word as 'n gerieflike middel „vir talentvolle kinders waardeur hulle hul kunsgevoel tot openbaring kan bring of 'n vak wat gerieflikheidshalwe gebruik kan word om 'n oorbodige periode te vul"[2].

(ii) Deurdat kunsopvoeding verkeerdelik beskou word as 'n dissiplinêre taak van die hand wat daarop gemik is om die waarnemingsvermoë en getroue weergawe te ontwikkel, lei dit tot na-apery en kopiëring; die kind se eie inisiatief word sodoende versmoor.

(iii) Kuns word deur sommige skoolhoofde en onderwysers beskou as alleenlik bedoel vir die begaafde minderheid kinders, en hulle besef nie dat dit 'n middel is om die inherente behoefte aan skoonheid te bevredig en dat dit ook waardering bring vir die skoonheid in Gods skepping nie.

(iv) Die hele kunsprogram gaan dikwels gebuk onder volwasse-gevormde idees en standaarde as gevolg van die onderwyser se beperkte ondervinding en onvoldoende kunsopleiding omdat hy slegs gedeeltelik toegerus is as kunsopvoeder.

(v) Die afteken en na-teken van voorstelle en dinge, die nabootsing tot in die oneindige volgens model en voorstelle van die onderwyser[3] lei tot verstarring.

(vi) Die standaard word in baie gevalle verhoog gestel.

1. Van der Merwe, op. cit., p. 317.
2. Van der Merwe, op. cit., p. 317.
3. By sommige van die skole wat skrywer besoek het, is hierdie toestand aangetref.

(vii) Formele perspektieftekeninge waarin akkuraatheid en tegniese vaardigheid streng vereis word, word deur sommige onderwysers aan leerlinge in die primêre skool opgedra[1]. Die kind word dus nie die geleentheid gegun om emosioneel deel te hê aan die situasie nie.

(viii) Gebrekkige kennis van die ontwikkelingstadia van die kind by die onderwyser, veral wat die kind se kunsuiting betref, kom baie algemeen voor.

(ix) Die afdwing van kennis op die kind waarvoor hy nog nie ryp is nie, lei tot verveling en frustrasie by die kind. Die kind moet gevrywaar wees teen te veel beperkinge.

(x) Kinders word behandel as klein grootmensies[2]. Hier gaan dit om gebrek aan insig en kennis by die opvoeder van die kind as indiwidu en as sosiale wese met sy eie karakter en persoonlikheid.

(xi) Die kind word nie genoeg geleentheid gegun tot kreatiewe ekspressie nie deurdat daar te swaar geleun word op eenvormigheid in werkstukke, veral in die kunsvlyte. Almal se eendjies of mannetjies wat hul gevou, geknip of ge „spoeg-en-plak" het, lyk presies eenders, en moet ook volgens die onderwyser se opvatting almal eenders lyk.

(xii) Werkruimte vir die kind ontbreek soms of is baie karig en ondoeltreffend. Sommige skole beskik gladnie oor 'n kunslokaal nie, andere gebruik dit vir iets anders en onderwysers moet kunsvoorrade soos kwassies, blikke verf, pastelle, skêre, potlode, papier, waterbakkies, gom en nog meer van een klaskamer na die ander ronddra[3]. Dit is nie net baie tydrowend nie, maar is gladnie bevorderlik vir die vak en vir die kind se opvoeding nie. Daar moet behoorlike organisasie wees in 'n goed toegeruste kunslokaal. Daar moet ook 'n aantal stewige werksbanke beskikbaar wees vir figuursaag- en timmerwerk. Dit is dan ook een rede waarom ons dit aantref dat onderwysers soms wegskram vir die kunsonderwys en liewer op 'n ander terrein betrek wil word.

---

1. By sommige van die skole wat skrywer besoek het, is hierdie toestand aangetref.
2. Ibid.,
3. Ibid.

(xiii) Geleentheid tot kreatiewe ekspressie'' word in sommige gevalle per geleentheid van die kind weerhou. Daar word soms gedurende die kunsvlytperiode papiere op die speelgrond opgetel of atletiekbane van wit strepe voorsien en so meer. Hierdie verskynsel is gelukkig besig om uit te sterf en behoort gladnie geduld te word nie.

(xiv) Die ongesonde wedywering tussen skole om te bepaal wie die „mooiste" kinderkuns op die jaarlikse uitstalling kan hê, ruk ook in baie gevalle hande uit. Die „helpende hand" van die onderwyser kan baie duidelik in die kind se tekeninge waargeneem word[2].

(xv) „Die ondergeskikte plek wat in die leerplan aan kuns toegewys word, laat die kind die gevoel kry dat kuns eerder 'n stokperdjie as 'n werklikheid is"[3].

(xvi) Die beklemtoning van die intellektuele en verontagsaming van die emosionele, belemmer die kind se skeppingsuiting[4]. Alle pogings van die kind en sy skeppingsuiting moet met simpatie gejeën word, want die kind is fyngevoelig en word maklik ontmoedig. Om kinders se skeppinge met mekaar te vergelyk is onopvoedkundig en ten spyte hiervan word dit nog aangetref. „Opvoeders moet toesien dat die verskillende kunssoorte hulle regmatige plek in ons skole kry en dat hulle vry en onbelemmerd beoefen word, met die nodige leiding en stimulus daarby"[5].

As redes vir gebreke en probleme van kunsopvoeding in die primêre skool kan ons eerstens die swak begrip van die opvoedkundige waarde van kuns noem[6]. Tweedens is daar 'n gebrek aan belangstelling by talle skoolhoofde en onderwysers; daarom die swak organisasie. Derdens berus die metode waarop die kunsonderrig aangebied word nie altyd op 'n wetenskaplike grondslag nie. 'n Vierde en baie belangrike rede, soos reeds al genoem, is die negering van die ontwikkelingstadia van die kind. Die leerstof pas in baie gevalle nie aan by die ontwikkelingstadium van die kind nie, en opdragte val nie in sy ervaringsveld en belangstelling nie.

1. Field, D. Change in Art education, p.
2. Herhaaldelik is hierdie verskynsel waargeneem by uitstallings waar die skrywer as beoordelaar opgetree het.
3. Van der Merwe, op. cit., p. 322.
4. Pearson, M.R. The new Art education, p. 33 - 42.
5. Van der Merwe, op. cit., p. 322.
6. Nicholas, op. cit., p. 1 - 19.

6.3. Voortreflikhede van kunsopvoeding aan die primêre skool

Daar bestaan egter ook skole in Transvaal waar daar uitstekende werk in kunsopvoeding verrig word. Die skoolhoof speel 'n baie vername rol in die aangeleentheid. Hy sorg dat daar een of meer onderwysers op die personeel is wat deeglik opgelei is as kunsonderwysers wat die nodige leiding kan verskaf.

Indien daar nie voorsiening gemaak is vir 'n kunskamer nie, moet die skoolhoof pogings aanwend om die nodige fasiliteite te verkry. Materiaalvoorsiening kan soms lastige probleme skep, maar dit is tog nie onoorkombaar nie. Die kunsonderwyser wat deeglik toegerus is vir sy taak en roeping is dan uiteindelik die persoon van wie die hele sukses van die kunsprogram en die uitvoering daarvan afhang. Die waarde van so 'n kunsopvoeder kan nooit te hoog aangeslaan word nie, want „obviously, the teacher who represents the visual arts in public schools is faced with a tremendous job. He must teach art to children in such a way that all its benefits are received, and he must convince the opposition that art has value for the individual and that it should play a significant role in education. He must be able to explain as well as demonstrate. This takes an extremely capable person, but schools can settle for nothing less.... Thus, the impression that the teacher makes can profoundly influence the future of art education in public schools and the future of art as a part of the .... way of life"[1]. Die kunsopvoeder speel dus 'n baie belangrike rol in enige primêre skool.

6.4. Enkele riglyne en aanbevelings vir doeltreffender kunsonderwys

Om die roeping as kunsopvoeder ten volle na te kom, moet hy deeglik opgelei en geskool wees in een of ander rigting in die beeldende kuns, hetsy in skilder-, teken- of beeldhoukuns volgens aanleg - dit sal aan hom die nodige selfvertroue gee[2]. Verder moet die kunsopvoeder

---

1. Lansing, op. cit., p.14 - 15.
2. Conant, H. & Randall A, Art in education. hoofstuk 2.

deeglik onderlê wees in die professionele aspek van die opvoeding. Hy moet lief wees vir kinders en met hulle kan werk, hulle simpatiek kan lei, inspireer en opvoed in die ware sin van die woord. Sy opvoedingsbeskouing sal bepaal hoe hy die kind sien en opvoed[1]. Hy moet o.m. die stadia van ontwikkeling van die kind ken om hom te kan lei tot volle ontplooiing in die samelewing, waarby kunsopvoeding 'n bydrae moet lewer.

Sy verhoudinge tot sy kollegas en die ouers van die kinders moet gesond wees; daar moet wisselwerking en samewerking wees wat moet lei tot goeie gesindhede wat weer nodig is vir die vorming en ontwikkeling van die hele mens. Hy moet die kind nie net intellektueel opvoed nie, maar ook sosiaal diensbaar maak aan sy medemens en die samelewing waartoe o.m. die sosiologie 'n bydrae moet lewer[2].

Laastens moet die kunsonderwyser o.m. die kunsgeskiedenis ken, oor estetiese aanleg en toerusting beskik en hy moet 'n goeie spreker wees. Kennis van die kunsfilosofie stel hom in staat om 'n eie kunsbeskouing te formuleer en om standpunt te kan inneem t.o.v. fundamentele vraagstukke oor wat bv. die wese van kuns is[3].

Skole wat oor die dienste van so 'n onderwyser beskik laat die vak ten volle tot sy reg kom en daarom is dit moontlik om uitstallings van kinderkuns soos die in Kaapstad tydens die Republiekfees van 1971 te hou. Hier is in totaal 2,500 skeppinge van kinders tussen 5 en 18 jaar uit al vier die provinsies van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika uitgestal. Derduisende mense het die uitstalling bygewoon en waardeer as een van die hoogtepunte van die fees.

---

1. Eeufeespublikasie van die instituut vir die bevordering van die Calvinisme aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Die atoom-eeu, in U lig, p. 7.
2. Shipman, M.D. The Sociology of the School, Hst. 1 en 7.
3. Conant, H. Art Education, p. 40.

Die besoekersboek is o.a. ook geteken deur mense uit Pole en Amerika. 'n Onderwyseres uit Connecticut in die V.S.A. se reaksie was: „Bring tog asseblief hierdie pragtige en merkwaardige tentoonstelling na ons land. Ons het nog nooit so iets in Amerika gesien nie!"[1].

Hierdie tentoonstelling het baie werke ingesluit wat deur leerlinge van Transvaalse primêre skole geskep is, en dit bewys dat daar wel goeie werk aan baie van ons skole gedoen word, maar ons moet onthou dat die voltooide produk nie die enigste maatstaf moet wees nie: wat eintlik van belang is, is dat dit die vrug van die proses is wat die kind deurgaan in die skeppende handeling.

„Die pendulum in die kunsonderwys het deur die jare van die een uiterste na die ander beweeg.... Kunsonderwys (en -opvoeding) weerspieël die verskillende motiewe wat sy ontwikkeling beïnvloed het vanaf die beginjare tot op die huidige. Tans is dit die taak van die kunsonderwys (en -kunsopvoeding) om hierdie motiewe andermaal te ondersoek en saam te voeg"[2].

Die leergang vir kunsvlyt van die Transvaalse Onderwysdepartement (1961)[3] kan as verouderd beskou word en 'n nuwe leergang het reeds dringend noodsaaklik geword. Om in die huidige behoeftes te voorsien, moet die kursus beide die praktiese en die estetiese fases sowel as die waardering beklemtoon en dit moet ruim geleentheid aan die kunsopvoeder bied om die kind te lei tot kreatiewe ekspressie. Daar moet ook voorsiening gemaak word vir geleenthede om groepwerk op verskillende terreine te beoefen om die kind sodoende ook in sy sosiale vorming te help[4].

---

1. Die Huisgenoot, deel XLII, Nr. 2577, p. 28.
2. Van der Merwe, op. cit., p. 341.
3. T.O.D. Leergang vir Kunsvlyt, Gr. i - St. V, 1961.
4. Gielen, J.J. Het sociale in opvoeding en opvoedkunde, p. 60 - 61.

Die begeerte om skone en artistieke skeppinge op alle gebiede in die samelewing te bewerkstellig, moet deur die kunsopvoeding by alle kinders aangekweek word[1]. Kunsopvoeding behoort die kind se smaak so te beïnvloed dat hy positief sal reageer op alle onooglike dinge in die samelewing soos afval en vullis langs die strate, die vernietiging van plantegroei, besoedeling van lug, water, omgewing ens. Dit beteken dat sekere fases van kunsopvoeding met kursusse in burgerleer, sosiologie en ekonomie moet korreleer waaraan daar min aandag gegee word[2]. Kuns in die nuwe era moet minder te doen hê met „frames, pedestals, museums, books and concert halls" en meer met „people and their life"[3].

Ten einde skeppende uiting te bevorder, moet die kind die geleentheid gebied word om sy eie tema, medium en uitdrukkingsvorm te kies. Verder moet daadwerklike pogings aangewend word om die kunsleergang in nouer verband met groepe in die samelewing te bring, bv. die huis, die gemeenskap, ontspanning, spel, nywerheid en ander lewensterreine.

Die aangeleentheid van kunsopvoeding is nog nie in al sy fasette nagevors nie en in hierdie verband kan o.m. die volgende moontlike terreine as vrugbare gebied vir toekomstige navorsers afgebaken word d.m.v. die volgende vrae:

(i) Is opleidingsfasiliteite vir kunsopvoeders in ons provinsie voldoende en doeltreffend?

(ii) Wat is die invloed van nie-Christelike inrigtings op die kunsonderwysers wat hulle oplei en watter invloed het daardie onderwysers op die jeug van ons volk?

(iii) Huldig die opleidingsinrigtings 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing of adem hulle 'n gees van liberalisme of humanisme?

(iv) Waaraan kan die onsimpatieke en afsydige houding van sommige skoolhoofde en onderwysers teenoor die kunsopvoeding toegeskryf word en

1. Van der Merwe, op. cit., p. 343.
2. Die huidige leergang bepleit nog korrelasie met die sg. Sosiale Studies.
3. Cox, C.J. Give us art in our time,
   Aangehaal deur van der Merwe, op. cit., p. 343.

watter rol speel die gebrek aan kunskamers, organisasie en fasiliteite vir kunsmateriaalvoorsiening in die primêre skool?

(v) Is daar 'n verband tussen die afwykende neigings in die kunsskepping op skool en die gedragsafwykings in die samelewing en tot watter mate kan kunsskeppinge van kinders aanduidings gee hiervan? As dit bepaal kan word, dan kan reeds met voorkomende maatreëls en terapie, begin word.

(vi) Wat is die invloed van die kunsonderwyser, -inspekteur of -organiseerder en die onderwysowerhede op die stand van sake betreffende kunsopvoeding in ons skole?

Die Christelike beginsel in die onderwys[1] is miskien die belangrikste vraag waarop antwoord verkry moet word en dit is opmerklik dat daar nog nie op ondubbelsinnige wyse verklaar is wat die standpunt is oor die opleiding van kunsopvoeders aan inrigtings wat liberale en humanistiese lewensbeskouinge huldig nie.

Hieroor en oor nog vele ander aspekte van kunsopvoeding, moet nog baie navorsing gedoen word.

6.5. Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar ingegaan op die huidige stand van kunsopvoeding in die algemeen en in die besonder. Dit wil voorkom dat daar primêre skole is waar kunsopvoeding nie ten volle tot sy reg kom nie en daar is kortliks op gewys wat die nadele is en watter gevolge die verskynsel op die kind kan hê.

Vervolgens is 'n oorsig gegee van voortreflikhede van kunsopvoeding aan die primêre skool en die rol van die kunsopvoeder is kortliks bespreek.

Verder is daar enkele rigtyne gestel en aanbevelings gedoen wat behoort te lei tot doeltreffender kunsonderwys aan die primêre skole in ons land. Verder is moontlike terreine afgebaken as vrugbare gebied vir toekomstige navorsers d.m.v. 'n aantal vrae aangesien daar oor 'n hele aantal aspekte van kunsopvoeding nog navorsing gedoen moet word.

---

1. Christelijk paedagogisch studie centrum, op. cit., p. 5 - 6. Vgl. The educational committee of the National Union of Christian Schools, Course of study for christian schools, p. 350 en verder.